

Prof Herrie van Rooy

Herrie (Herculaas Frederik) van Rooy is gebore in Kaapstad op 7 Augustus 1949 as die tweede seun van wyle dr en mev AJ van Rooy. Hy matrikuleer in 1967 aan die Hoërskool Menlopark in Pretoria met 5 onderskeidings. Daarna studeer hy aan die P.U. vir C.H.O. en behaal die grade B.A. (1970, met hoofvakke Grieks, Latyn en Semitiese Tale), B.A. hons. (Semitiese Tale, 1972), M.A. (Semitiese Tale, 1974) en Th.B. (ook 1974, almal met lof) en die D.Litt (Semitiese Tale, 1977). Einde 1974 het hy ook die Kandidaatsertifikaat aan die Teologiese Skool Potchefstroom met lof verwerf.

In 1977 word hy predikant van die Gereformeerde Kerk Koster. Sedert 1980 was hy dus verbonde aan die P.U. vir C.H.O, tans die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit. Hy het einde 2014 afgetree.

Hy was lid van die bestuur van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Nabye Oosterse Studies van die stigting daarvan in 1988 tot 2000 en dien as voorsitter van 1997-2000. Hy het gedien as sekretaris van die Ou-Testamentiese Werkgemeenskap van Suid-Afrika van 1992-1998 en as voorsitter van 1998-2004. Hy is een van die vier lede van die redaksionele raad van *Old Testament Studies*, die publikasiereeks van die Nederlandse, Suid-Afrikaanse en Britse Ou-Testamentiese verenigings. Van 1994 tot 2001 was hy lid van die Tussenkerklike Psalmberymingskomitee wat verantwoordelik was vir die 2001-omdigting van die Psalms. Tans is hy lid van die Begeleidingskomitee van die Bybelgenootskap, wat die Nuwe Afrikaanse Bybelvertalingsprojek bestuur, asook van die redaksie vir die vertaling van die Ou Testament. Hy het die ds Pieter van Drimmelenmedalje van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns ontvang vir sy werk aan Bybelvertaling en Psalmberyming.

Hy is die skrywer van twee akademiese boeke en mede-redakteur

van nog drie akademiese boeke. Verder is hy die skrywer van ongeveer 100 artikels in wetenskaplike tydskrifte, hoofstukke in akademiese boeke en gepubliseerde kongresreferate. Die twee boeke handel oor die Psalms in die ou Siriese vertaling van die Ou Testament. Sy *Studies on the Syriac Apocryphal Psalms* is in 1999 deur Oxford University Press in Brittanje gepubliseer en *The East Syriac Psalm Headings: A Critical Edition* deur Gorgias Press in die VSA in 2013. Hy hettalle voordragte gelewer by akademiese konferensies oorsee en by plaaslike akademiese konferensies.

In 2002 het hy 'n C1-gradering van die Nasionale Navorsingstigting gekry en in 2007 was hy die eerste persoon uit die Geestes- en Sosiale Wetenskappe aan die NWU wat 'n B-gradering (B2) van die NNS verwerf het. In 2012 het hy vir 'n tweede keer 'n B2-gradering verwerf.

Hy is in 1971 met Jacoba van der Walt getroud, wat in 2008 'n doktorsgraad in Himnologie verwerf het. Hulle het vyf getroude kinders en nege kleinkinders.